Vrydag 12 Junie
Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30
Fokusgedeelte: Romeine 8:26

Uit genade staan die Gees ons ook in ons swakheid by

As die apostel hierdie gedeelte begin met die "lyding van die huidige tyd", herinner hy ons daaraan dat die gelowige hom/haarself nog elke dag in hierdie gebroke bedeling bevind. In hierdie bedeling hoor ons drie versugtinge:

- Die "GANSE SKEPPING" sug. Waar God alles goed en mooi gemaak het (Gen. 3:31), moes die hele skepping vir ewig huppelend en bly tot eer van God 'n heerlike loflied gewees het. Vanaf die sondeval het God die hele skepping aan 'n sinlose bestaan onderwerp. In elke siekbed, oop graf, oorlog en natuurramp hoor ons die sug van die skepping.
- "OOK ONS" wat die eerste gawe van die Gees ontvang het, sug (vs 23). Ons sien uit na die dag wanneer sonde nie meer so 'n groot uitwerking op ons gaan hê nie. Dis 'n hoopvolle sug wat daagliks verlang en uitroep: Kom, Here Jesus, kom maak my, of kom maak hierdie geliefde van my, vry van die gebrokenheid waarin ons so vasgevang is.
- Laastens staan "die Gees" ons by met "VERSUGTINGE WAT NIE VERWOORD KAN WORD NIE" (vs 26). Midde-in al die seer en stukkend wat hierdie gebroke bedeling ons soms diep en seer kan laat sug, is God die Heilige Gees by ons en Hy tree vir ons by die Vader in.

Die sug van die gelowige is 'n gebed wat altyd wil weet: Hoe lank nog voor Jesus kom? Dis hierdie gebroke, stamelende versugtinge wat die Gees op grond van Christus se afgehandelde werk by die kruis opvang EN dit op die tafel voor die Vader gaan neerlê ... in 'n taal wat ek en jy nie kan hoor of verstaan nie, maar wat volmaak reg en heilig is vir die hart en ore van ons Vader. Die Gees sug sodat God sy doel met elkeen van ons sal bereik.

*Sing: Skrifberyming 9-6:5, 7*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*